#16

MAKLIK

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 3/10
**Vaardigheidsvlak** 3/10
**Tyd nodig** 4 uur



Die kas wat Shelly gebruik het, is gemaak deur *Tuis* se selfdoenghoeroe Deon de Goede. Kry die stappe vir daardie projek aanlyn by netwerk24.com/tuis/.

# ’n Nuwe baadjie

Indien jy nie kans sien vir die frottage-tegniek op die vorige bladsye nie, skep ’n soortgelyke voorkoms met net ’n kwas, afvalhout en ’n lap!

*Deur* **Shelly Bergh** • *Foto’s* **Francois Oberholster**

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- Annie Sloan Chalk Paint in Pure, Old White en Duck Egg Blue
- Annie Sloan Soft Wax: Clear en Dark
- maskeerband

**GEREEDSKAP**
- verfkwas
- afvalplankie
- lap

**PROJEKNOTA**
Spaar geld deur oorskietverf van ’n ander projek te gebruik!

## Só maak jy...




**1** Haal die deurknop af. Plak maskeerband oor die skarniere en buite-om die glaspanele.




**2** Verf ’n laag Annie Sloan in die kleur Old White oor die hele kasoppervlak.




**3** Vir die volgende laag gebruik jy die plankie pleks van die kwas. Laai ’n dik laag verf in die kleur Pure met die kwas op die plankie; smeer dit dan oor die kas. Jy sal agterkom dit bedek nie die eerste verflaag heeltemal nie, maar dis presies wat jy wil hê. Verf die hele kas met dié tegniek. Laat die verf droog word.




**4** Hierna gebruik jy die Duck Egg Blue en volg dieselfde tegniek as in stap 3. Begin met ’n meer soliede laag aan die kas se bokant en maak dit al hoe minder solied ondertoe. Laat die verf droog word.




**5** Seël nou die verf met Annie Sloan Soft Wax. Begin met die Clear Wax en wend dan die Dark Wax plek-plek aan om die verf oud en verweer te laat lyk.




**6** Trek die maskeerband versigtig af.

**KONTAK** Shelly Bergh shellybergh.com